'n LiefGodGrootliks Bybelstudie Joernaal



Prediker

OM DIE WARE DOEL VAN DIE LEWE UIT TE VIND

Welkom

Ek is so bly dat jy hier is! Voordat ons met hierdie nuwe sessie begin, wil ek graag die tyd neem en vir jou laat weet dat daar vir JOU gebid is! Dit is nie 'n toeval dat jy deelneem aan hierdie aanlyn Bybelstudie nie.

My gebed vir jou met hierdie nuwe studie is eenvoudig: **dat jy nader aan ons Here sal groei terwyl jy elke dag in Sy Woord delf!** Soos wat jy die dissipline ontwikkel om elke dag tyd in God se Woord deur te bring, bid ek dat jy Hom meer en meer sal liefkry terwyl jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voor jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. **Dit is Sy werk om te spreek tot jou, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.**

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons lees in die Bybel: Soek en jy sal vind.

> *"Soek dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos 'n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken." (Spreuke 2:4)*

Ons is opgewonde om 'n verskeidenheid hulpbronne vir jou te verskaf terwyl jy deelneem aan ons aanlyn Bybelstudie:

- Prediker Studiejoernaal (druk af of koop aanlyn)
- Leesplan
- Weeklikse Blog (Maandae, Woensdae & Vrydae)
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Videos op Maandae
- Weeklikse Uitdagings
- Aanlyn gemeenskap: Facebook, Twitter, Instagram, LoveGodGreatly.com
- Hashtags: #LoveGodGreatly

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag om saam met jou te begin nie, en ons hoop om jou by die eindstreep te sien. **Volhard, druk deur – en moenie opgee nie!** Kom ons eindig sterk met wat ons vandag mee begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees *om jou aan te moedig!* **Ons is saam in hierdie proses.** Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd te spandeer in God se Woord! Ek kan nie wag om te sien wat God vir ons wil leer tydens hierdie sessie nie!

Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te he!!!

Angela

Kopiereg © 2016 deur LoveGodGreatly.com

Toestemming word verleen om hierdie dokument af te druk en te reproduseer vir die doel om die **Prediker** aanlyn Bybelstudie te voltooi.

Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie.

Inhoudsopgawe

Ons Gemeenskap bl. 5
Hoe om te SOAP bl. 6
SOAP Leesplan bl. 8
Doelwitte bl. 9
Inleiding tot die Prediker bl. 10

WEEK 1 Uitdaging en Gebeds Bladsy bl. 12
Memoriseervers bl. 13
Weeklikse Skrifgedeeltes bl. 14
SOAP Joernaal bl. 16
Oordenkingsvrae bl. 26
My Reaksie bl. 27

WEEK 2 Uitdaging en Gebeds Bladsy bl. 28
Memoriseervers bl. 29
Weeklikse Skrifgedeeltes bl. 30
SOAP Joernaal bl. 32
Oordenkingsvrae bl. 42
My Reaksie bl. 43

WEEK 3 Uitdaging en Gebeds Bladsy bl. 44
Memoriseervers bl. 45
Weeklikse Skrifgedeeltes bl. 46
SOAP Joernaal bl. 48
Oordenkingsvrae bl. 58
My Reaksie bl. 59

WEEK 4 Uitdaging en Gebeds Bladsy bl. 60
Memoriseervers bl. 61
Weeklikse Skrifgedeeltes bl. 62
SOAP Joernaal bl. 64
Oordenkingsvrae bl. 74
My Reaksie bl. 75

WEEK 5 Uitdaging en Gebeds Bladsy bl. 76
Memoriseervers bl. 77
Weeklikse Skrifgedeeltes bl. 78
SOAP Joernaal bl. 80
Oordenkingsvrae bl. 90
My Reaksie bl. 91

WEEK 6 Uitdaging en Gebeds Bladsy bl. 92
Memoriseervers bl. 93
Weeklikse Skrifgedeeltes bl. 94
SOAP Joernaal bl. 96
Oordenkingsvrae bl. 106
My Reaksie bl. 107

WEEK 7 Uitdaging en Gebeds Bladsy bl. 108
Memoriseervers bl. 109
Weeklikse Skrifgedeeltes bl. 110
SOAP Joernaal bl. 112
Oordenkingsvrae bl. 122
My Reaksie bl. 123

WEEK 8 Uitdaging en Gebeds Bladsy bl. 124
Memoriseervers bl. 125
Weeklikse Skrifgedeeltes bl. 126
SOAP Joernaal bl. 128
Oordenkingsvrae bl. 138
My Reaksie bl. 139

Ons Gemeenskap

Love God Greatly bestaan uit 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vroue van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem mekaar se hande liefdevol en verenig vir hierdie doel…

Om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in 'n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoediging en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by Love God Greatly nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam.

Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie sessie saam met iemand anders te bestudeer?

Almal van ons ken vrouens in ons lewens wat vriendskap en aanspreeklikheid nodig het, en wat 'n begeerte het om dieper in God se Woord te delf. Wees verseker dat ons reg hier saam met jou die studie gaan doen – ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, die soete samesyn geniet, en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer – doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

Dit is nogal onwerklik – hierdie geleentheid wat ons het om nie net nader aan God te groei deur hierdie studie nie, maar ook aan mekaar.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek 'n groep vrouens van jou kerk of werk, of ontmoet in 'n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken. Gebruik die wonder van die internet vir inspirasie en aanspreeklikheid, en gebruik geleenthede om persoon tot persoon te ontmoet wanneer jy kan.

Arm om arm en hand in hand,
Kom ons doen dit … saam

Ek is trots op jou.

Ek wil hê dat JY dit weet.

Ek is trots op jou dat jy die besluit geneem het om tyd in God se Woord deur te bring…..om dit elke dag te lees en toe te pas op JOU lewe.....die pragtige lewe wat ons God vir JOU gegee het.

Met elke sessie verskaf ons 'n studiejoernaal wat saamgaan met die verse wat ons lees. Hierdie studiejoernaal is ontwerp om jou te help om interaksie te hê met God se Woord en om jou te leer hoe om dieper te delf – om jou aan te moedig om tydsaam te oordenk wat God regtig vir jou sê op daardie dag.

By *Love God Greatly*, gebruik ons die S.O.A.P Bybelstudie metode. Voordat ons begin, wil ons graag tyd neem om hierdie metode te verduidelik, en deel HOEKOM ons aanbeveel dat jy dit gebruik tydens jou stiltetyd.

Hoekom moet ek die S.O.A.P. metode gebruik?

Dit is een ding om net die Skrif te lees. Maar wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om REGTIG daaroor te bepeins, dan staan woorde skielik uit. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die verse en meer te sien as wanneer jy net eenvoudig die verse lees en dan aangaan. Ons wil jou aanmoedig om jou tyd te gebruik om die daaglikse verse te S.O.A.P. en vir jouself te sien hoeveel meer jy sal kry uit jou daaglikse stiltetyd……. jy sal verbaas wees.

Wat beteken S.O.A.P.?

S- Die S staan vir Scripture- Skryf die teksverse neer. Jy sal verbaas wees om te sien wat God aan jou wil openbaar deur net die tyd te neem om die verse neer te skryf!

O- Die O staan vir Observation- wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor? Is daar 'n herhaling van woorde? Watter woorde staan vir jou uit?

A- Die A staan vir Application- dit is wanneer die Woord van God persoonlik word. Wat sê God vir my vandag? Hoe kan ek dit wat ek nou net gelees het toepas in my eie lewe? Watter veranderinge moet ek maak? Is daar iets wat ek moet doen?

P- Die P staan vir Prayer. Bid God se Woord terug na Hom. Spandeer tyd om Hom te bedank. As Hy iets aan jou geopenbaar het gedurende hierdie tyd wat jy in Sy Woord spandeer het, bid daaroor. Bely as Hy vir jou gewys het op sonde in jou lewe. En onthou, Hy het jou innig lief!

Om God se Woord te bestudeer kan so min of so veel tyd neem as wat jy het. Sommige dae kan dit 10 – 15 minute wees, ander dae langer.

<u>Hoe S.O.A.P. ek?</u> Hier is 'n voorbeeld!

Lees: Kolossense 1:5-8

S- Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is. Die evangelie het julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by julle van die dag af dat julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in julle gewek is.

O-
- Wanneer jy geloof en liefde kombineer, kry jy hoop.
- Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is.....dit wag op ons.
- Die evangelie is die Woord van Waarheid.
- Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste.
- Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander….Epafras.

A- God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel…….. God sal die evangelie laat versprei…… om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to LGG…*"en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by julle van die dag af dat julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."* Dit is wonderlik wanneer God se Woord so lewendig word en ons aanmoedig, in ons huidige omstandighede! My passionate desire is dat al die vroue wat betrokke is met hierdie Bybelstudie, God se genade sal verstaan en sal dors na Sy Woord. Gemotiveer deur hierdie kwotasie in my Bybel kommentaar: ***"God se Woord is nie net vir ons informasie nie, dit is vir ons transformasie."***

P- Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

Onthou, die mees belangrikste bestandele in the S.O.A.P. metode is JOU interaksie met die Woord van God en jou TOEPASSING van SY Woord in JOU lewe.

Dit gaan goed met die mens wat *"in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by die waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak."* ~ Psalm 1:2-3

Soap Leesplan

		Lees	SOAP
WEEK 1	Maandag	Prediker. 1:1-6	Prediker. 1:1-2
	Dinsdag	Prediker. 1:7-11	Prediker. 1:9-10
	Woensdag	Prediker. 1:12-18	Prediker. 1:17-18
	Donderdag	Prediker. 2:1-8	Prediker. 2:1-2
	Vrydag	Prediker. 2:9-11	Prediker. 2:11
	Reaksie Dag		
WEEK 2	Maandag	Prediker. 2:12-17	Prediker. 2:12-13
	Dinsdag	Prediker. 2:18-19	Prediker. 2:18-19
	Woensdag	Prediker. 2: 20-23	Prediker. 2:20-21
	Donderdag	Prediker. 2:24-26	Prediker. 2:24-25
	Vrydag	Prediker. 3:1-8	Prediker. 3:1
	Reaksie Dag		
WEEK 3	Maandag	Prediker. 3:9-15	Prediker. 3:14-15
	Dinsdag	Prediker. 3:16-22	Prediker. 3:16-17
	Woensdag	Prediker. 4:1-6	Prediker. 4:6
	Donderdag	Prediker. 4:7-12	Prediker. 4:9-10
	Vrydag	Prediker. 4:13-16	Prediker. 4:13
	Reaksie Dag		
WEEK 4	Maandag	Prediker. 5:1-7	Prediker. 5:4-5
	Dinsdag	Prediker. 5:8-17	Prediker. 5:10-12
	Woensdag	Prediker. 5:18-20	Prediker. 5:19
	Donderdag	Prediker. 6:1-6	Prediker. 6:1-2
	Vrydag	Prediker. 6:7-12	Prediker. 6:10-11
	Reaksie Dag		
WEEK 5	Maandag	Prediker. 7:1-6	Prediker. 7:1
	Dinsdag	Prediker. 7:7-13	Prediker. 7:11-12
	Woensdag	Prediker. 7:14-18	Prediker. 7:14
	Donderdag	Prediker. 7:19-24	Prediker. 7:19-20
	Vrydag	Prediker. 7:25-29	Prediker. 7:27-29
	Reaksie Dag		
WEEK 6	Maandag	Prediker. 8:1-9	Prediker. 8:4-5
	Dinsdag	Prediker. 8:10-13	Prediker. 8:12
	Woensdag	Prediker. 8:14-15	Prediker. 8:15
	Donderdag	Prediker. 8:16-17	Prediker. 8:16-17
	Vrydag	Prediker. 9:1-6	Prediker. 9:1
	Reaksie Dag		
WEEK 7	Maandag	Prediker. 9:7-10	Prediker. 9:10
	Dinsdag	Prediker. 9:11-18	Prediker. 9:17-18
	Woensdag	Prediker. 10:1-7	Prediker. 10:1-2
	Donderdag	Prediker. 10:8-15	Prediker. 10:12-13
	Vrydag	Prediker. 10:16-20	Prediker. 10:18
	Reaksie Dag		
WEEK 8	Maandag	Prediker. 11:1-4	Prediker. 11:4
	Dinsdag	Prediker. 11:5-10	Prediker. 11:8
	Woensdag	Prediker. 12:1-8	Prediker. 12:1-2
	Donderdag	Prediker. 12:9-12	Prediker. 12:11
	Vrydag	Prediker. 12:13-14	Prediker. 12:13-14
	Reaksie Dag		

Doelwit

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir elke sessie. Neem nou tyd om drie doelwitte neer te skryf waarop jy wil fokus tydens hierdie sessie, soos ons elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende agt weke, om jou te help om gefokus te bly. JY KAN DIT DOEN!!!!

My doelwitte vir hierdie sessie is:

1.

2.

3.

Handtekening: _____

Datum: _____

Bekendstelling tot Prediker

Dit lyk asof baie Christene vandag baie meer tyd spandeer om die Nuwe Testament te lees as die Ou Testament. Maar om net een helfte van die Bybel te lees is soort van om net te eet van een voedselgroep. Niks anders as vleis sal lei tot 'n paar probleme. Niks anders as korrels sal jou liggaam ontneem van die voedingstowwe wat dit nodig het. Ons het nodig om die Ou Testament te lees. Hoekom? Die antwoord vind ons in Romeine 15:4

> *Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.*

Dit is natuurlik ook waar van die boek van Prediker, waar ons onsself bevind tydens hierdie studie.

" Alles kom tot niks, tot niks." (Prediker 1:2) So begin en eindig een van die moeilikste en uitdagende boeke van die Bybel. Met die eerste oogopslag, kan hierdie boek blyk om 'n depressiewe lees te wees. Dit beklemtoon die leegheid van die lewe en die nietigheid van so baie goeie dinge wat ons ervaar in die wêreld. Maar 'n versigtige lees sal jou wys dat die volle boodskap is God verhef en vreugde - induserende.

Daar is deur baie geglo dat die skrywer van Prediker Koning Salomo is, die seun van Dawid. Alhoewel daar heelwat debat was in die laaste twee eeue dat miskien is dit geskryf deur iemand wat na Salomo geleef het en wie se naam ons nie ken nie.

In ieder geval, Prediker evalueer lewe saam met God en apart van Hom.

Jy sal sien dat Salomo is geneig om te spring van onderwerp tot onderwerp. Sommige van die temas wat hy verken, is die volgende:

- Hierdie wêreld is korrup, tydelike, verwarrend, en skynbaar onregverdig.
- Ons is nie God nie en dus sal ons nie altyd verstaan wat Hy doen nie.
- Wysheid is beter as dwaasheid .
- Wêreldse dinge duur nie en is van min waarde.
- Dood kom tot almal.
- Ware tevredenheid kan nie gevind word nie in aardse dinge nie.

Die hoofgedagte van die boek van Prediker is dat die lewe betekenisloos is tensy 'n persoon God ken. Vir 'n lewe sonder God is nie veel meer as 'n reeks van ervarings wat elke mens lei, hetsy ryk of arm, morele of immoreel, tot by die graf. 'n Skerp verstand is groot, maar dit vervaag met die ouderdom, en selfs wysheid groei dof. Rykdom lyk so wenslik en nuttig, maar dit kan van ons weggeneem word deur ongelukkige gebeure. Selfs al hou ons vas aan dit, kan dit nie saam met ons verby die graf gaan nie.

Salomo se gevolgtrekking is dat in orde vir een om betekenis, doel, en tevredenheid in die lewe te vind moet hy of sy God ken. Om die Here te ken, Hom lief te hê, Hom vrees, Hom te volg en ons identiteit in Hom vind is wat ons bevry om die tydelike gawes in hierdie lewe te geniet en om verby te kyk na daardie die gawes tot die ewige lewe.

" Laat alles wat leë is hier op aarde, jou lei na wat alleen sal voldoen - die genade van God, die liefde van God, die Lam van God; "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." (Hebreërs 13:8)

-George Mylne (1859)

Kyk na Jesus,

Jen

Week 1

Week 1 Uitdaging (Nota: Jy kan dit vind in ons Maandag blog):

Gebedsfokus vir hierdie week: Jou Familie

Gebed	Lofprysing
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	

Wat was, sal weer wees;
wat gebeur het, sal weer gebeur.
Daar is niks nuuts in hierdie
wêreld nie.

Prediker 1:9

Teksverse vir Week 1

MAANDAG

PREDIKER 1:1-6

[1]Woorde van die Prediker, seun van Dawid en koning in Jerusalem.
[2]Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks.
[3]Wat kry die mens vir sy geswoeg,
sy geswoeg in hierdie wêreld?
[4]Geslagte kom en geslagte gaan,
maar die wêreld bly altyd dieselfde.
[5]Die son kom op, die son gaan onder,
en dan haas hy hom weer na waar hy opkom.
[6]Die wind waai suid, draai noord,
waai hierheen en daarheen
en dan draai hy maar weer.

DINSDAG

PREDIKER 1:7-11

[7]Al die riviere loop in die see in,
maar die see word nooit vol nie.
Die riviere hou aan om te loop
na die plek toe waarheen hulle altyd geloop het.
[8]Woorde vervaag mettertyd,
en ‘n mens kry nie klaar met praat nie.
Die oog kyk, maar kry nie klaar met kyk nie;
die oor hoor, maar kry nie klaar met hoor nie.
[9]Wat was, sal weer wees;
wat gebeur het, sal weer gebeur.
Daar is niks nuuts in hierdie wêreld nie.
[10]Kan jy van iets sê dit is nuut?
Nee, dit was lankal daar,
lank voor ons tyd.
[11]Wat verby is, word vergeet,
en ook wat later kom,
sal vergeet word deur dié wat daarna kom.

WOENSDAG *PREDIKER 1:12-18*

12Ek, die Prediker, was koning oor Israel in Jerusalem. 13Ek het my daarop toegelê om alles wat
in hierdie wêreld gebeur, te ondersoek en behoorlik te deurdink. Ek het bevind: God het ‘n
harde taak aan die mens gegee om hom mee besig te hou.
14Ek het alles wat in hierdie wêreld gebeur, bekyk:
alles kom tot niks, dit is ‘n gejaag na wind.
15Wat krom is, kan nie reguit word nie; wat nie daar is nie, kan nie getel word nie.
16Ek het by myself gedink: ek het meer wysheid as almal wat voor my in Jerusalem geregeer
het, ek het baie ervaring en insig. 17Ek het my daarop toegelê om te verstaan wat wysheid en
kennis is, en wat dit is om ‘n gebrek aan wysheid en kennis te hê. Ek het vasgestel: ook dit is
‘n gejaag na wind.
18Baie wysheid stel hoë eise, wie kennis versamel, versamel smart.

DONDERDAG *PREDIKER 2:1-8*

Ek het by myself gedink:
laat ek my oorgee aan plesier,
laat ek die lewe geniet!
Maar ook dit het niks opgelewer nie.
2Van lag moes ek sê: dis sinloos,
en van plesier: wat bring dit?
3Ek het gewonder wat sal gebeur as ek my aan wyn oorgee maar tog nog op soek bly na
wysheid, as ek soos ‘n dwaas leef totdat ek vasgestel het wat die beste is waarmee ‘n mens hom
sy lewe lank in hierdie wêreld besig kan hou. 4Ek het groot ondernemings aangepak: ek het
vir my huise gebou en wingerde geplant. 5Ek het vir my tuine en parke aangelê en allerhande
soorte vrugtebome daarin geplant. 6Ek het vir my damme gemaak om die lappe jong bome nat
te lei. 7Ek het slawe en slavinne aangeskaf, en hulle het kinders gekry wat ook my slawe was. Ek
het baie beeste en kleinvee gehad, meer as almal voor my in Jerusalem. 8Ek het vir my silwer en
goud opgegaar wat ek gekry het van konings en provinsies. Ek het vir my sangers en sangeresse
gewerf, talle mooi meisies met wie ek die lewe kon geniet

VRYDAG *PREDIKER 2:9-11*

9Ek was magtiger en ryker as almal voor my in Jerusalem. My wysheid het my goed te pas
gekom. 10Alles wat ek begeer het, het ek my veroorloof; ek het my geen plesier ontsê nie.
Alles waarmee ek my besig gehou het, het my plesier verskaf. Dit was my beloning vir al my
inspanning. 11Maar toe ek goed nadink oor alles wat ek gedoen het en oor alles waarmee ek my
met soveel sorg besig gehou het, het ek gesien dat alles niks was, ‘n gejaag na wind. In hierdie
wêreld bevredig niks nie.

Maandag

Lees: Prediker 1:1-6
Soap: Prediker 1:1-2

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Maandag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Dinsdag

Lees: Prediker 1:7-11
Soap: Prediker 1:9-10

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Dinsdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Woensdag

Lees: Prediker 1:12-18
Soap: Prediker 1:17-18

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Woensdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Donderdag

Lees: Prediker 2:1-8
Soap: Prediker 2:1-2

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Donderdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Vrydag

Lees: Prediker 2:9-11
Soap: Prediker 2:11

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Vrydag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Oordenkingsvrae

1. Watter ingrypende stelling maak Salomo oor die lewe?

2. Aan wat wy Salomo homself toe?

3. Lees Prediker 1:17 en vergelyk dit met Spreuke 4:7.

4. Noem al die dinge waarvoor Salomo toegee in Prediker 2:1-11

5. In wat probeer jy jou waarde vind?

Week 2

Week 2 Uitdaging (Nota: Jy kan dit vind in ons Maandag blog):

Gebedsfokus vir hierdie week: Jou Land

Gebed	Lofprysing
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	

Elke ding het sy vaste tyd, elke
ding in hierdie wêreld het sy tyd:

Prediker 3:1

Teksverse vir Week 2

MAANDAG — *PREDIKER 2:12-17*

12 Ek het goed nagedink om vas te stel wat dit is om wysheid te hê of om nie wysheid en kennis
te hê nie. Wat anders kan 'n koning se opvolger doen as wat reeds gedoen is? 13 Dit het ek wel
ingesien dat dit 'n mens meer baat om wysheid te hê as om dit nie te hê nie, net soos lig 'n mens
meer baat as duisternis.
14 Die wyse weet wat hy doen,
vir die dwaas is daar net donkerte,
maar dit weet ek:
een en dieselfde lot tref albei.
15 Ek het by myself gedink: die lot van die dwaas sal my ook tref, wat help dit my dan dat ek
soveel wysheid het? En ek het vir myself gesê: Ook dit kom tot niks. 16 Die wyse sal net so min
as die dwaas altyd onthou word. In tye wat kom, word alles vergeet. Die wyse sterf net soos
die dwaas! 17 Ek het die lewe gehaat, want alles wat in hierdie wêreld gebeur het, het vir my sleg
afgeloop. Alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind.

DINSDAG — *PREDIKER 2:18-19*

18 Ek het alles gehaat waarmee ek my in hierdie wêreld met soveel sorg besig gehou het, want ek
moet dit nalaat aan dié een wat ná my kom, 19 en wie weet of hy 'n wyse of 'n dwase mens sal
wees? Tog sal hy beskik oor alles wat ek met sorg en oorleg in hierdie wêreld bymekaargemaak
het. Dit kom dus ook tot niks.

WOENSDAG — *PREDIKER 2:20-23*

20 Ek het in vertwyfeling geraak oor alles waarmee ek my met soveel sorg in hierdie wêreld besig
gehou het. 21 'n Mens wat met wysheid en kennis gewerk en sukses behaal het, laat sy besittings
na aan een wat glad nie daarvoor gewerk het nie. Dit is nie reg nie. Ook dit kom dus tot niks.
22 Wat het die mens nou eintlik aan alles waarmee hy hom met soveel sorg en ywer in hierdie
wêreld besig hou?
23 Elke dag bring vir hom pyn
en elke onderneming ergernis;
selfs snags kom hy nie tot rus nie.
Ook dit kom tot niks.

DONDERDAG

PREDIKER 2:24-26

[24]Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit ‘n gawe uit die hand van God is. [25]Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie? [26]Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydskap. Maar die een met wie Hy nie tevrede is nie, kry die taak om op te gaar en bymekaar te maak en dit dan te gee aan een met wie God tevrede is.
Ook hier kom dit dus tot niks.
Dit is ‘n gejaag na wind.

VRYDAG

PREDIKER 3:1-8

[1]Elke ding het sy vaste tyd,
elke ding in hierdie wêreld het sy tyd:
[2]daar is ‘n tyd om gebore te word, ‘n tyd om te sterwe,
‘n tyd om te plant, ‘n tyd om plante uit te trek,
[3]’n tyd om ‘n lewe te neem, ‘n tyd om ‘n lewe te red,
‘n tyd om af te breek, ‘n tyd om te bou,
[4]’n tyd om te huil, ‘n tyd om te lag,
‘n tyd om te treur, ‘n tyd om van blydskap te dans,
[5]’n tyd om klippe weg te gooi, ‘n tyd om hulle bymekaar te maak,
‘n tyd om te omhels, ‘n tyd om weg te bly van omhelsing af,
[6]’n tyd om aan te skaf, ‘n tyd om te laat wegraak,
‘n tyd om te spaar, ‘n tyd om weg te gooi,
[7]’n tyd om te skeur, ‘n tyd om toe te werk,
‘n tyd om stil te bly, ‘n tyd om te praat,
[8]’n tyd om lief te hê, ‘n tyd om te haat,
‘n tyd vir oorlog, ‘n tyd vir vrede.

Maandag

Lees: Prediker 2:12-17
Soap: Prediker 2:12-13

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Maandag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Dinsdag

Lees: Prediker 2:18-19
Soap: Prediker 2:18-19

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Dinsdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Woensdag

Lees: Prediker 2: 20-23
Soap: Prediker 2:20-21

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Woensdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Donderdag

Lees: Prediker 2:24-26
Soap: Prediker 2:24-25

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Donderdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Vrydag

Lees: Prediker 3:1-8
Soap: Prediker 3:1

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Vrydag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Oordenkingsvrae

1.Watter gevolgtrekking maak Salomo ten opsigte van wysheid en dwaasheid? (Prediker 2:16)

2. Waarom dink jy het dit hom die lewe laat haat? (Prediker 2:17)

3. Wat is die waarde van werk?

4. Prediker 3:1-8 is ‘n wel bekende gedeelte. Wat leer dit oor God en oor die mens?

5. Hoe moet die bogenoemde gedeelte ons daaglikse lewe beinvloed?

Week 3

Week 3 Uitdaging (Nota: Jy kan dit vind in ons Maandag blog):

Gebedsfokus vir hierdie week: Jou Vriende

Gebed	Lofprysing
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	

Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie.

Prediker 4:9-10

Teksverse vir Week 3

MAANDAG

PREDIKER 3:9-15

9 Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom vermoei?
10 Ek het gesien dat God aan die mens ‘n taak gegee het om hom mee besig te hou. 11 God het
elke ding gemaak dat dit pas in ‘n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens ‘n besef gegee
van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp
nie. 12 Ek het tot die insig gekom dat daar vir ‘n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en
die goeie van die lewe te geniet. 13 Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die
goeie kan geniet, ook dit is ‘n gawe van God.
14 Ek het tot die insig gekom dat wat God doen, blywend is:
jy kan daar niks byvoeg nie
en jy kan daar niks van wegneem nie.
God doen dit sodat die mens vir Hom ontsag sal hê.
15 Wat is, was reeds.
Wat kom, was ook alreeds.
God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

DINSDAG

PREDIKER 3:16-22

16 Verder het ek in hierdie wêreld gesien:
waar daar reg moet geskied, is daar onreg;
waar daar geregtigheid moet wees, is daar oortreding.
17 Ek het by myself gedink: God spreek reg oor regverdige en onregverdige; daar is ‘n tyd vir elke
saak, ook vir wat in die regspraak gebeur.
18 Ek het by myself gedink: dit is ter wille van die mense self dat God hulle toets; hulle moet
insien dat hulle niks anders as diere is nie. 19 Een en dieselfde lot tref mens en dier, hulle gaan
almal dood, die een soos die ander. Almal het net een asem. Die mens is nie beter daaraan toe
as die dier nie. Alles kom tot niks.
20 Almal is op pad na dieselfde plek toe,
almal is van stof en almal word weer stof.
21 Wie weet of die asem van die mens opstyg boontoe
en of die asem van die dier afgaan onder toe?
22 Ek het gesien dat daar niks beter is nie
as dat die mens vreugde vind in sy werk;
dit is wat hom toekom.
Wie kan hom laat sien wat ná hom sal gebeur?

WOENSDAG *PREDIKER 4:1-6*

[1]Verder het ek ook nog al die verdrukking in hierdie wêreld gesien.
Die verdruktes kla, maar niemand help hulle nie;
daar is niemand wat help teen die geweld van die verdrukkers nie.
[2]Toe het ek gedink dié wat klaar dood is, is gelukkiger as dié wat nog lewe, [3]maar die gelukkigste van almal is dié wat nog glad nie gebore is en nog nie al die onreg gesien het wat op hierdie wêreld gedoen word nie.
[4]Ek het gesien dat al die moeite wat mens doen vir sukses uit onderlinge afguns kom.
Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.
[5]Die dwaas vou sy hande en bewerk so sy eie ondergang.
[6]Hy vind een hand vol rus beter as 'n dubbele hand vol werk.
Ook dit is 'n gejaag na wind.

DONDERDAG *PREDIKER 4:7-12*

[7]Ek het in hierdie wêreld nog meer gesien wat tot niks kom nie: [8]daar was 'n man wat alleen was, sonder seun of broer. Tog was daar nie 'n einde aan al sy inspanning nie en was hy steeds op soek na meer rykdom. Hy moes later sê: "Vir wie sloof ek my af en ontsê ek my die aangename dinge?"
Ook hier kom dit tot niks.
Dit bly 'n harde saak.
[9]Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. [10]As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. [11]As twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word? [12]Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. 'n Driedubbele tou breek nie maklik nie.

VRYDAG *PREDIKER 4:13-17*

[13]'n Jong man wat arm is maar verstandig,
is beter as 'n koning wat oud is maar dwaas
en hom nie meer wil laat waarsku nie.
[14]'n Jong man het uit die tronk gekom en koning geword alhoewel hy arm gebore is in die koninkryk van sy voorganger. [15]Ek het gesien dat al wat lewe in hierdie wêreld hulle skaar aan die kant van die jongman wat die koning se plek ingeneem het. [16]Die mense oor wie hy geregeer het, was te veel om te tel. Tog het die nageslag nie met vreugde aan hom gedink nie.
Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.
[17]Wees baie versigtig as jy na die huis van God toe gaan. Dit is beter om nader te kom en te luister as om jou offer te bring soos 'n dwaas dit sou doen. 'n Dwaas kan niks anders doen as kwaad nie.

Maandag

Lees: Prediker 3:9-15
Soap: Prediker 3:14-15

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Maandag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Dinsdag

Lees: Prediker 3:16-22
Soap: Prediker 3:16-17

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Dinsdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Woensdag

Lees: Prediker 4:1-6
Soap: Prediker 4:6

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Woensdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Donderdag

Lees: Prediker 4:7-12
Soap: Prediker 4:9-10

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Donderdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Vrydag

Lees: Prediker 4:13-16
Soap: Prediker 4:13

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Vrydag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Oordenkingsvrae

1.Watter geskenk het God die aan die mens gegee volgens Prediker 3:13?

2. Volgens 3:18 hoekom toets God mens?

3. Hoekom vergelyk Salomo mens tot diere? (Prediker 3:19-21)

4. Wat is die tema van Prediker hoofstuk 4?

5. In Prediker 4:9 word ons vertel dat twee is beter as een. Wat beteken dit, en wat is die doel van vriendskap?

Week 4

Week 4 Uitdaging (Nota: Jy kan dit vind in ons Maandag blog):

Gebedsfokus vir hierdie week: Jou Kerk

Gebed	Lofprysing
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	

Self gaan hy kaal uit die wêreld
uit soos hy daarin gekom het.
Hy kan niks met hom saamneem
vir al sy inspanning nie.

Prediker 5:14

Teksverse vir Week 4

MAANDAG *PREDIKER 5:1-7*

[1]Moenie te gou praat nie,
moenie oorhaastig ‘n belofte aan God maak nie,
want Hy is in die hemel en jy op die aarde.
Laat jou woorde daarom min wees.
[2]Baie doenigheid bring drome,
baie praat lei tot onverstandige woorde.
[3]As jy aan God ‘n gelofte gedoen het, moet jy nie versuim om dit te betaal nie. Hy hou nie van ligsinnige mense nie. Wat jy beloof het, moet jy betaal. [4]Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie. [5]Moenie dat jou mond jou laat sondig sodat jy vir ‘n priester moet sê: “Ek het my vergis” nie. Waarom sal jy God laat kwaad word oor wat jy gesê het en Hom jou handewerk laat vernietig? [6]Daar is baie drome, baie wat tot niks kom nie, ook baie woorde. Maar dien jy vir God!
[7]As jy sien die armes word verdruk en daar is geen reg en geregtigheid in ‘n gebied nie, moet jy jou nie daaroor verbaas nie: elkeen met gesag word beskerm deur ‘n hoër gesag, en almal saam deur ‘n hoogste gesag.

DINSDAG *PREDIKER 5:8-17*

[8]Maar dit is tot voordeel van ‘n land in sy geheel dat almal aan die koning onderdanig is.
[9]Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie.
Ook hier kom dit tot niks. [10]As die goeie dinge van die lewe baie word, word die eters ook baie; al wat die eienaar daaraan het, is om dit te aanskou. [11]Die slaap van die arbeider is soet, of hy min eet of baie, maar die oorvloed van die ryke laat hom onrustig slaap.
[12]Ek het in hierdie wêreld ‘n bitter swaar ding gesien: dat ‘n man rykdom opgaar en dit vir hom ellende bring. [13]Hy doen verkeerd sake en verloor die rykdom. Hy het intussen die vader van ‘n seun geword en dié kry dan niks nie. [14]Self gaan hy kaal uit die wêreld uit soos hy daarin gekom het. Hy kan niks met hom saamneem vir al sy inspanning nie. [15]Ook dit is ‘n bitter swaar ding: presies soos hy gekom het, so gaan hy. Wat help dit dat hy hom vir wind afgesloof het? [16]Hy slyt die res van sy lewe in die donker, in smart, ellende en bitterheid.
[17]Ek het ook iets gesien wat goed is: dit is aangenaam om te eet en te drink en die lewe te geniet onder al die geswoeg op hierdie wêreld. Dit kom ‘n mens toe vir die hele leeftyd wat God hom skenk.

WOENSDAG *PREDIKER 5:18-19*

[18]God gee aan ‘n mens rykdom en besittings en laat hom dit geniet. God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit is ‘n gawe van God. [19]So ‘n mens dink skaars na oor wat in sy lewe gebeur, so vol is hy van die blydskap wat God gee.

DONDERDAG *PREDIKER 6:1-6*

[1]Ek het in hierdie wêreld ellende gesien wat swaar druk op ‘n mens: [2]God gee aan iemand rykdom, besittings en eer, en so iemand kom niks kort van wat hy begeer nie, maar God laat hom nie daarvan geniet nie, en iemand anders gebruik dit. Ook hier kom dit tot niks. Dit is bitter swaar. [3]’n Man kan honderd kinders hê en baie lank lewe, maar hoe oud hy ook al word, as hy nie die goeie dinge kan geniet nie en nie eens in ‘n graf begrawe word nie, is ‘n doodgebore baba beter daaraan toe as hy. [4]’n Doodgebore baba kom tot niks, dit sien nooit die lig nie en kry nie eens ‘n naam nie. [5]Dit sien nie die son nie en weet niks nie. Tog is dit beter daaraan toe as iemand [6]wat nie die goeie van die lewe kan geniet nie, al leef hy twee maal duisend jaar. Altwee gaan na dieselfde plek toe.

VRYDAG *PREDIKER 6:7-12*

[7]Die mens sloof hom af vir kos, maar sy honger word nooit gestil nie. [8]Watter voordeel het die man met wysheid bo die dwaas? Wat help dit die arme om te weet hoe hy hom moet gedra? [9]Wat die mens het, is beter as wat hy begeer. Ook hier kom dit tot niks. Dit is ‘n gejaag na wind. [10]Wat ‘n mens is, word reeds met die naam mens gesê, dit is bekend wat hy is: hy is mens. Hy kan nie ‘n regstryd voer met die Een wat sterker as hy is nie. [11]Hoe meer woorde, hoe meer kom dit tot niks. Wat baat dit die mens? [12]Wie weet wat vir die mens goed is in die lewe, in die dae wat tot niks lei nie, wat hy soos ‘n skaduwee deurbring? Wie kan vir ‘n mens sê wat ná hom in hierdie wêreld sal gebeur?

Maandag

Lees: Prediker 5:1-7
Soap: Prediker 5:4-5

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Maandag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Dinsdag

Lees: Prediker 5:8-17
Soap: Prediker 5:10-12

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Dinsdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Woensdag

Lees: Prediker 5:18-20
Soap: Prediker 5:19

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Woensdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Donderdag

Lees: Prediker 6:1-6
Soap: Prediker 6:1-2

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Donderdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Vrydag

Lees: Prediker 6:7-12
Soap: Prediker 6:10-11

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Vrydag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Oordenkingsvrae

1. Wat is slagoffers van dwase? (Pred 5:1).

2. Wat beteken dit om die Here te vrees? Hoe kan jy groei in hierdie area?

3. Hoekom is dit sinneloos om geld en rykdom lief te hê?

4. In Prediker 5:18 word ons vertel dat ons die werk wat God vir ons gegee het moet geniet. Maak ‘n lys van al die take wat God jou gereeld roep om te doen. Vind jy vreugde in hulle? Indien nie, hoe kan jy meer vreugdevol word?

5. In Prediker 6:3-4 maak Salomo ‘n skokkende stelling. Wat is die betekenis van hierdie verse?

Week 5

Week 5 Uitdaging (Nota: Jy kan dit vind in ons Maandag blog):

Gebedsfokus vir hierdie week: Sendelinge

Gebed	Lofprysing
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	

Wees bly op die dag van voorspoed, en as daar ‘n dag van teëspoed kom, sien dit so: soos die een het God ook die ander gegee, sodat die mens nie sal weet wat vir hom voorlê nie.

Prediker 7:14

Teksverse vir Week 5

MAANDAG *PREDIKER 7:1-6*

1 ’n Goeie naam is beter as reukolie,
die sterfdag beter as die geboortedag.
2 Dit is beter om na ‘n huis toe te gaan waar daar gerou word
as na ‘n huis waar daar feesgevier word.
Elkeen wat lewe, moet ter harte neem
wat die uiteinde van die mens is.
3 Droefheid is beter as lag;
agter ‘n somber gesig skuil ‘n helder gees.
4 Wie wysheid het, voel hom tuis waar daar gerou word,
die dwaas voel hom tuis waar daar plesier is.
5 Dit is beter om vermaan te word deur iemand wat wysheid het,
as om besing te word deur ‘n dwaas.
6 Soos die geknetter van doringtakke onder ‘n pot,
so klink die gelag van ‘n dwaas.
Ook hier kom dit tot niks.

DINSDAG *PREDIKER 7:7-13*

7 Afpersing maak van ‘n verstandige mens ‘n dwaas,
‘n omkoopgeskenk vernietig die goeie oordeel.
8 ’n Voltooide taak is beter as een wat pas begin is.
Geduld is beter as hoogmoed.
9 Moenie gou kwaad word nie:
dit is ‘n dwaas wat gou kwaad word.
10 Moenie sê in die ou dae was dit beter as nou nie;
dit is nie uit wysheid dat ‘n mens so sê nie.
11 Wysheid saam met besittings is goed;
dit is ‘n voordeel vir elkeen wat leef.
12 Wysheid bied beskerming soos geld beskerming bied;
kennis en wysheid verryk die lewe van hom wat dit besit.
13 Kyk na die werk van God:
wie kan reguit maak wat Hy krom gemaak het?

WOENSDAG *PREDIKER 7:14-18*

14 Wees bly op die dag van voorspoed, en as daar ‘n dag van teëspoed kom, sien dit so: soos die een het God ook die ander gegee, sodat die mens nie sal weet wat vir hom voorlê nie.
15 In my lewe wat tot niks gekom het nie, het ek alles gesien:
‘n regverdige gaan onder al doen hy reg,
‘n goddelose geniet ‘n lang lewe, al doen hy verkeerd.

[16]Moet jou nie te regverdig wil hou nie,
moenie aanspraak maak op meer wysheid as wat jy het nie;
waarom jou eie ondergang soek?
[17]Moenie aanhou verkeerd doen nie,
moenie dwaas wees nie;
waarom voor jou tyd doodgaan?
[18]Dit is goed dat jy aan die een vermaning vashou
en die ander ook nie laat los nie,
want hy wat vir God dien, gehoorsaam altwee.

DONDERDAG *PREDIKER 7:19-24*

[19]Wysheid gee aan dié wat dit het,
meer mag as wat tien maghebbers in ‘n stad het.
[20]Daar is geen mens op aarde regverdig nie,
niemand wat net goed doen en nie sondig nie.
[21]Moet jou nie steur aan alles wat gesê word nie. Dan sal jy jou dit nie aantrek as jou slaaf jou verwens nie. [22]Jy weet hoe baie kere jy self ander verwens het.
[23]Ek het alles met die hulp van wysheid getoets.
Ek wou wysheid bekom, maar dit het buite my bereik gebly.
[24]Die betekenis van wat gebeur, lê buite bereik,
baie diep; wie kan dit vind?

VRYDAG *PREDIKER 7:25-29*

[25]Ek het my opnuut daaraan gewy om te wete te kom, na te vors en te ondersoek wat wysheid en insig is, en ek het toe vasgestel dat goddelose optrede dwaasheid is, dat onverstandige optrede geen doel dien nie. [26]Ek het gevind:
‘n vrou wat strikke stel vir mans,
is erger as die dood self.
Haar bekoorlikheid is ‘n vangnet,
in haar arms is jy ‘n gevangene.
Wie voor God reg lewe, vermy haar,
maar die sondaar laat hom deur haar vang.
[27]Dit het ek gevind, sê die Prediker,
toe ek een en een bymekaargesit het
om die regte insig te kry.
[28]Wat ek nog altyd soek,
het ek nie gevind nie.
Ek het wel uit duisend mense een betroubare man gevind,
maar so ‘n vrou het ek onder hulle nie gevind nie.
[29]Die één ding wat ek wel gevind het, is dit:
God het die mense goed en opreg gemaak,
tog het hulle hulle besig gehou met allerlei slimmighede.

Maandag

Lees: Prediker 7:1-6
Soap: Prediker 7:1

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Maandag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Dinsdag

Lees: Prediker 7:7-13
Soap: Prediker 7:11-12

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Dinsdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Woensdag

Lees: Prediker 7:14-18
Soap: Prediker 7:14

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Woensdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Donderdag

Lees: Prediker 7:19-24
Soap: Prediker 7:19-20

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Donderdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Vrydag

Lees: Prediker 7:25-29
Soap: Prediker 7:27-29

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Vrydag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Oordenkingsvrae

1. Hoekom is “rou” beter as “feesviering” en “smart” beter as “lag”? (Pred 7:1-4)

2. Maak ‘n lys van wat wys is en wat dwaasheid is volgens Prediker hoofstuk 7.

3. Hoekom is woede volgens Prediker 7:9 gevaarlik?

4. In Prediker 7:16 word ons vertel om nie te regverdig of wys te wees nie. Is dit moontlik? Wat bedoel Salomo?

5. Na baie waarnemings het Salomo tot ‘n gevolgtrekking kom in Prediker 7:29. Wat is sy gevolgtrekking?

Week 6

Week 6 Uitdaging (Nota: Jy kan dit vind in ons Maandag blog):

Gebedsfokus vir hierdie week: Spandeer tyd hierdie week om God te dank vir hoe Hy in jou lewe werk.

Gebed	Lofprysing
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	

Al doen die sondaar ook hoeveel
kwaad en leef hy nogtans lank,
ek weet: met die vromes wat vir
God dien, sal dit goed gaan;

Prediker 8:12

Teksverse vir Week 6

MAANDAG *PREDIKER 8:1-9*

[1]Wie het werklik wysheid?
Wie kan verklaar wat gebeur?
Wysheid maak ‘n mens vriendelik,
dit verander ‘n strak gesig.
[2]Wat my betref: Gehoorsaam die bevel van die koning op grond van die eed van getrouheid voor God. [3]Moenie voortvarend wees nie, moenie by ‘n swak saak staan nie, gee liewer pad voor die koning, want hy doen wat hy goed vind. [4]Sy woord is wet; wie kan van hom rekenskap eis? [5]Wie ‘n bevel gehoorsaam, beland nie in die moeilikheid nie. Wie wysheid het, weet wanneer en hoe hy moet handel. [6]Elke ding het sy tyd en sy manier. Daar is baie gevare wat die mens bedreig. [7]Hy weet nie wat sal gebeur nie. Wie kan vir hom sê hoe dit sal wees?
[8]Niemand het die mag om die wind te stuit nie;
niemand het seggenskap oor sy sterfdag nie;
in oorlogstyd spring niemand vry nie.
Wie verkeerd doen, word nie deur sy verkeerde daad gered nie.
[9]Dit alles het ek gesien. Ek het aandag gegee aan alles wat in hierdie wêreld gebeur wanneer een mens mag oor ‘n ander het om hom kwaad aan te doen.

DINSDAG *PREDIKER 8:10-13*

[10]Ek het gesien slegte mense word begrawe, en verdwyn, terwyl dié wat van die tempel af kom en reg gehandel het, ook in die stad vergeet word. Ook hier kom dit dus tot niks. [11]Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen. [12]Al doen die sondaar ook hoeveel kwaad en leef hy nogtans lank, ek weet: met die vromes wat vir God dien, sal dit goed gaan; [13]met die goddelose wat nie vir God dien nie, sal dit nie goed gaan nie. Soos ‘n vlugtige skaduwee wat gou verdwyn, sal die goddelose nie lank lewe nie.

WOENSDAG *PREDIKER 8:14-15*

[14]Ook hier lei wat op die aarde gebeur, tot niks: oor regverdiges kom wat goddeloses toekom, oor goddeloses kom wat regverdiges toekom. Ook hierin, sê ek, kom dit tot niks. [15]Ek het vreugde aanbeveel: daar is niks beter vir die mens in hierdie wêreld nie as dat hy eet en drink en vrolik is onder al sy geswoeg tydens die lewe wat God hom in hierdie wêreld gee.

DONDERDAG

PREDIKER 8:16-17

16So het ek my daarop toegelê om agter te kom wat wysheid is en om te begryp waarmee mense
hulle op die aarde besig hou sonder dat hulle dag of nag tot rus kom. 17Toe het ek al die werk
van God begryp; die mens is nie in staat om wat in hierdie wêreld gebeur, te verstaan nie. Hoe
hy hom ook al inspan en soek, hy verstaan nie. Al sê die wyse hy weet, kan hy nie verstaan nie.

VRYDAG

PREDIKER 9:1-6

1Dit alles het ek ter harte geneem en ek het bevind:
God regeer oor dié wat reg doen en wysheid het, en oor wat hulle doen. Niemand weet of daar
vir hom liefde of haat wag nie.
2Een en dieselfde lot tref almal:
die regverdige en die goddelose,
die goeie, die reine en die onreine,
die een wat offer en die een wat nie offer nie.
Soos dit met die goeie gaan, so gaan dit met die sondaar,
soos dit gaan met die een wat ‘n eed aflê,
so gaan dit met hom wat weier om ‘n eed af te lê.
3Die ellende met alles wat in hierdie wêreld gebeur, is dat dieselfde lot almal tref. Die hart van
die mens is vol boosheid; die dwaasheid bly hom sy lewe lank by, en sy einde is die dood.
4Solank jy onder die lewendes is, het jy hoop.
‘n Hond wat lewe, is beter as ‘n leeu wat dood is.
5Dié wat lewe, weet hulle sal doodgaan, maar die dooies weet niks;
daar wag vir hulle niks meer nie, hulle is vergeet;
6dit is klaar met hulle liefde, hulle haat en hulle hartstog.
Hulle sal nooit weer deel hê aan wat in hierdie wêreld gebeur nie.

Maandag

Lees: Prediker 8:1-9
Soap: Prediker 8:4-5

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Maandag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Dinsdag

Lees: Prediker 8:10-13
Soap: Prediker 8:12

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Dinsdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Woensdag

Lees: Prediker 8:14-15
Soap: Prediker 8:15

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Woensdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Donderdag

Lees: Prediker 8:16-17
Soap: Prediker 8:16-17

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Donderdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Vrydag

Lees: Prediker 9:1-6
Soap: Prediker 9:1

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Vrydag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Oordenkingsvrae

1. Watter effek het wysheid op ‘n persoon volgens Prediker 8:1?

2. Waarom sê Salomo dat die koning se bevelDalk eerder gehou moet word? (Prediker 8:2)

3. Ten spyte van die feit dat die lewe goed gaan vir die goddelose, waarom sal dit nie so bly nie? Wat sal gebeur met diegene wat God vrees? (Prediker 8:10-13)

4. Wat leer Prediker ons oor ons insig van God?

5. Watter onheil gebeur met almal? (Prediker 9:1-3) Waarom noem Salomo dit “bose”?

Week 7

Week 7 Uitdaging (Nota: Jy kan dit vind in ons Maandag blog):

Gebedsfokus vir hierdie week: Spandeer hierdie week tyd om jou vrese te draai in gebede.

Gebed	Lofprysing
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	

Die woorde van iemand
wat wysheid het, vind byval;
die dwaas vernietig homself
met wat hy sê.

Prediker 10:12

Teksverse vir Week 7

MAANDAG *PREDIKER 9:7-10*

7 Eet dus jou brood met vreugde,
drink jou wyn met ‘n bly gemoed;
God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen.
8 Dra altyd wit klere,
versorg jou hare met olie.
9 Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet,
dié lewe wat tot niks kom nie,
maar wat God jou in hierdie wêreld gegee het,
die hele lewe wat tot niks kom nie.
Dit is wat jou toekom in die lewe,
wat jou toekom vir al jou geswoeg in hierdie wêreld.
10 Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen,
want in die doderyk waarheen jy op pad is,
is daar nie werk of insig of kennis of wysheid nie.

DINSDAG *PREDIKER 9:11-18*

11 Verder het ek in hierdie wêreld gesien:
dit is nie die vinnigstes wat die reisies wen nie,
nie die sterkstes wat die oorlog wen nie,
nie dié met wysheid wat kos het nie,
nie die verstandiges wat ryk word nie,
nie dié met kennis met wie dit goed gaan nie.
Alles word bepaal deur tyd en geleentheid.
12 Die mens ken selfs nie die tyd van sy dood nie.
Soos visse wat gevang word in ‘n net,
soos voëls wat gevang word in ‘n wip,
so word die mens gevang as die teëspoed kom,
as dit hom skielik oorval.
13 Ook hierdie stukkie wysheid het ek in hierdie wêreld gesien, en vir my was dit belangrik:
14 Daar was ‘n klein stadjie met min mense. ‘n Magtige koning het teen die stad opgetrek, dit beleër en hom daar ingegrawe. 15 In die stad was ‘n arm man met baie wysheid, en hy het die stad deur sy wysheid gered. Maar niemand het die arm man onthou nie.
16 Toe het ek gesê:
Wysheid is wel beter as krag,
maar die wysheid van die arme word geminag,
en niemand luister na wat hy sê nie.
17 Die rustige woorde van dié wat wysheid het, word beter gehoor as die geskree van een wat heers oor dwase.
18 Wysheid is beter as wapens,
maar een misstap kan baie wat goed is, bederf.

WOENSDAG *PREDIKER 10:1-7*

[1]Dooie vlieë laat salf stink en gis,
'n bietjie dwaasheid doen meer kwaad as wat wysheid en eer goed doen.
[2]Die verstand van een wat wysheid het, gee hom krag,
maar dié van 'n dwaas maak hom swak.
[3]Selfs waar die dwaas met die pad langs loop,
ontbreek sy verstand;
hy wys vir almal dat hy 'n dwaas is.
[4]As die heerser vir jou kwaad word,
moenie jou pos verlaat nie; kalmte voorkom groot foute.
[5]Daar is 'n verkeerde ding wat ek in hierdie wêreld gesien het,
'n fout wat begaan word deur een wat gesag het:
[6]die dwaas kry hoë aansien en die rykes ontvang geen eer nie.
[7]Ek het slawe te perd gesien
en vorste te voet op die grond soos slawe.

DONDERDAG *PREDIKER 10:8-15*

[8]Wie 'n sloot grawe, val self daarin,
wie 'n muur afbreek, word deur 'n slang gepik.
[9]Wie klippe afbreek, word daardeur beseer,
wie hout kap, moet versigtig wees.
[10]As die byl stomp word en nie geslyp word nie,
moet jy meer krag gebruik.
Dit betaal om jou verstand te gebruik.
[11]As die slang pik voor hy besweer is,
bereik die besweerder niks nie.
[12]Die woorde van iemand wat wysheid het, vind byval;
die dwaas vernietig homself met wat hy sê.
[13]Wat hy sê, begin met dwaasheid en eindig met louter onsin.
[14]Die dwaas praat aanmekaar,
maar geen mens weet wat sal gebeur nie,
en niemand kan vir hom sê wat ná hom sal kom nie.
[15]Die dwaas put homself uit met wat hy doen;
hy weet nie eers hoe om by sy stad te kom nie.

VRYDAG *PREDIKER 10:16-20*

[16]Ellende wag vir die land waarvan 'n slaaf koning is en waar amptenare vroeg in die dag begin feesvier. [17]Dit gaan goed met die land waarvan die koning vir homself kan besluit en waar amptenare op die regte tyd feesvier, met selfbeheersing en nie met 'n drinkery nie. [18]Luiheid laat die dak inval, slap hande laat die huis lek [19]Eet bring plesier, wyn vrolik die lewe op, maar alles kos geld. [20]Moenie die koning verwens nie, nie eens in jou gedagte nie, moenie die ryke verwens nie, nie eens in jou slaapkamer nie; die voëltjies kan oorvertel wat jy gesê het, hulle kan jou woorde oordra.

Maandag

Lees: Prediker 9:7-10
Soap: Prediker 9:10

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Maandag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Dinsdag

Lees: Prediker 9:11-18
Soap: Prediker 9:17-18

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Dinsdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Woensdag

Lees: Prediker 10:1-7
Soap: Prediker 10:1-2

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Woensdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Donderdag

Lees: Prediker 10:8-15
Soap: Prediker 10:12-13

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Donderdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Vrydag

Lees: Prediker 10:16-20
Soap: Prediker 10:18

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Vrydag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Oordenkingsvrae

1. Weereens praat Salomo oor werk. Watter raad gee hy in Prediker 9: 9-10?

2. Volgens Prediker 9:13-18, hoe is wysheid beter as krag?

3. Op watter wyse weeg dwaasheid swaarder as wysheid"? (Prediker 10:1).

4. Watter gevaar waarsku hy in Prediker 10:8-9?

5. Watter waarheid leer ons oor luiheid in Prediker 10:18?

Week 8

Week 8 Uitdaging (Nota: Jy kan dit vind in ons Maandag blog):

Gebedsfokus vir hierdie week: Spandeer tyd hierdie week om God te dank vir hoe Hy in jou lewe werk.

Gebed	Lofprysing
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	

Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word.

Prediker 12:13

Teksverse vir Week 8

MAANDAG — *PREDIKER 11:1-4*

[1]Werp jou brood op die water,
eendag kry jy dit terug.
[2]Hou jou besittings op sewe, selfs ag plekke,
want jy weet nie watter teëspoed oor die land kan kom nie.
[3]As die wolke vol water is,
reën hulle leeg op die aarde;
of ‘n boom nou suid of noord val,
dit bly lê waar dit geval het.
[4]Wie die wind bly dophou, saai nie,
wie na die wolke bly kyk, oes nie.

DINSDAG — *PREDIKER 11:5-10*

[5]Net so min as wat jy kan verstaan hoe gees en liggaam by mekaar uitkom in die skoot van ‘n swanger vrou, net so min kan jy die werk van God verstaan. Hy doen dit alles.
[6]Saai jou saad in die môre,
gaan in die laatmiddag daarmee voort.
Jy weet nie watter van die twee sal ‘n oes lewer nie
en of altwee ewe goed sal wees nie.
[7]Die lig is aangenaam,
dit is goed vir die oë om die son te sien.
[8]As ‘n mens lank lewe, moet jy oor alles dankbaar wees.
Maar jy moet onthou dat die donker dae van die dood wat kom, ook baie is.
Alles kom tot niks.
[9]Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug
en jou jong dae ten volle geniet.
Doen wat jy goedvind en waarvan jy hou,
maar moenie vergeet dat God
van jou rekenskap sal eis oor alles nie.
[10]Hou kommer uit jou hart
en vermy wat jou liggaam kan kwaad doen.
Ook die jeug en die jonkheid kom tot niks.

WOENSDAG — *PREDIKER 12:1-8*

[1]Dink aan jou Skepper in jou jong dae
voor die swaar dae kom,
die jare aanbreek waarvan jy sal sê:
“Ek het daar niks aan nie.”
[2]Dit is die tyd wanneer die son donker sal word
en ook die daglig, die maan en die sterre,

die tyd wanneer dit weer bewolk word ná die reën.
[3]Dit is die tyd wanneer die wagters van die huis sal bewe,
die sterk manne waggel
en die malers ophou maal omdat hulle min geword het,
die tyd wanneer dit donker word vir dié wat deur die vensters kyk,
[4]wanneer die deure na die straat toe toegemaak word,
die geluid van die meul dof word,
die tyd wanneer 'n mens opstaan as die voëls begin sing
al hoor hy geen lied meer nie.
[5]Dit is die tyd wanneer hy bang is vir 'n hoogte
en vir alles op die pad skrik,
die tyd wanneer die amandelboom in bloei staan,
die sprinkaan homself moeisaam voortsleep
en die kapperkruid nutteloos word,
die tyd wanneer die mens na sy ewige woning gaan
en dié wat treur, op die straat rondgaan,
[6]die tyd wanneer die silwerdraad afgebreek word
en die goue kruik breek,
die kruik by die fontein stukkend breek
en die wiel by die put stukkend val,
[7]die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was,
en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.
[8]Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks.

DONDERDAG *PREDIKER 12:9-12*

[9]Die Prediker was nie net 'n man met wysheid nie, hy het ook die volk onderrig. Hy het nagedink, nagevors en baie spreuke gemaak. [10]Hy het daarna gestrewe om hom raak uit te druk en die waarheid getrou op te teken. [11]Die woorde van mense met wysheid is soos skerp stokke, versamelde spreuke is soos spykers wat ingeslaan is. Hulle is deur een Herder gegee.
[12]Die belangrikste van alles is:
My seun, wees versigtig!
Daar kom nie 'n einde aan die skryf van baie boeke nie,
te veel studie ooreis die liggaam.

VRYDAG *PREDIKER 12:13-14*

[13]Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit:
Dien God en gehoorsaam sy gebooie.
Dit is wat van die mens gevra word.
[14]God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word,
ook oor wat in die geheim gedoen word,
of dit goed is of kwaad.

Maandag

Lees: Prediker 11:1-4
Soap: Prediker 11:4

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Maandag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Dinsdag

Lees: Prediker 11:5-10
Soap: Prediker 11:8

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Dinsdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Woensdag

Lees: Prediker 12:1-8
Soap: Prediker 12:1-2

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Woensdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Donderdag

Lees: Prediker 12:9-12
Soap: Prediker 12:11

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Donderdag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

Vrydag

Lees: Prediker 12:13-14
Soap: Prediker 12:13-14

Scripture - Skryf die Bybelverse vir vandag neer.

Observations - Skryf 1 of 2 opmerkings uit die verse neer.

Vrydag

Applications - Skryf 1 of 2 toepassings uit die verse neer.

Pray - Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het uit vandag se skrifgedeelte.

- Besoek vandag ons webtuiste vir die ooreenstemmende blog! -

Oordenkingsvrae

1. Die lewe is onvoorspelbaar volgens Prediker hoofstuk 11, so hoe moet ons lewe?

2. Waarom beklemtoon Salomo die feit dat ons God moet onthou in ons jeug? (Pred 12:1).

3. Neem die hele boek in ag, waarom sê Salomo dat die lewe betekenisloos is?

4. Wat maak die lewe sinvol?

5. Wat moet ons prioriteit wees?